waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE

JAARGANG 7, NO 2 FEBUARIE 2001

**REDAKSIONEEL**

# JA EN AMEN

Die Bybellennium het in die vorige jaargang van *Waarheid en dwaling* uitvoerig aandag gekry. Die verklaring van die Skrif in daardie eenvolumekommentaar misken op talle plekke die goddelike oorsprong en gesag van die Bybel. Daarom kan dié boek nie vir die breë leserspubliek aanbeveel word nie.

Hierdie muis het 'n stert gekry, 'n lang stert. Die redakteur Ou Testament, professor Wil Vosloo, het 'n prys gekry en by die prysuitreiking 'n toespraak gehou. Ons resensent van die Bybellennium het op die weergawe daarvan in die pers gereageer in 'n artikel in *Die Kerkblad*. Hy het prof. Vosloo onder 'oopgooi-propagandiste' geklassifiseer. Prof. Vosloo antwoord in *Die Kerkblad* van 4 Oktober 2000 met die verklaring: 'Ek bevraagteken in geen opsig die gereformeerde leer nie. Ek aanvaar die gesag van die Bybel sonder twyfel.' Die toespraak wat hy by die prysuitreiking gelewer het, staan daarby afgedruk (p. 22-23).

In dieselfde *Kerkblad* reageer een van ons teologiese professore. Hy kwalifiseer die 'oopgooi-propagandiste-artikel' as 'lasterlike bewering', as sonde teen die negende gebod.

Die redaksie van *Waarheid en dwaling* het nie die taak om in 'n pennestryd wat in *Die Kerkblad* gevoer word, in te meng nie. Ons stel wel na aanleiding hiervan die vraag: Het ons diens aan die Here verrig deur in ons blad ruimte af te staan vir die boekbespreking waarin die Bybellennium in groot lyne pertinent afgewys word? Ons kyk in hierdie verband slegs na enkele sinne in Prof. Vosloo se toespraak.

Hy stel enkele vrae: 'Is die Here 'n God van wraak wat sondes bly toereken (Eksodus 20:5), of is Hy barmhartig, genadig, lankmoedig, vol liefde en trou (Eksodus 34:6)? Is tempeldiens, offers en uiterlike rituele die maatstaf vir geloofstrou (vgl. Jeremia 7:4, 10), of dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God (Miga 6:6-8)? Hy wys verder op die bergrede van ons Here in Matteus 5-7, die telkens terugkerende 'Maar Ek sê vir julle' en verbind daaraan die opmerking: 'Daarom die teenstellings: Etiese beoordeling is beter as wettisisme; lyding bereik meer as mag; liefde is kragtiger as vergelding.'

Die *teenstellings* wat prof. Vosloo in die Skrif vraenderwys suggereer en na sy lesing van die bergrede beskryf, bestaan nie. Waarom nie? Omdat die Here nie uit twee monde praat nie. Hy is 'n God van groot genade. Hy is ook vol wraak, 'n verterende vuur vir almal wat Hom en sy evangelie in ongeloof verwerp. Hy gebied getroue tempeldiens sowel as 'n hart wat Hom vrees. Die Here Jesus verkondig in sy bergrede geen teenstelling tussen die Ou en Nuwe Testament nie. Nee, Hy sê in Matteus 5:17-18: 'Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.'

Prof. Vosloo suggereer met sy of-of-vrae dat God teenstrydige dinge in sy Woord sê. Met hierdie of-of-vrae maak hy ten minste dele van die Bybel betwyfelbaar. Dit staan haaks op sy verklaring dat hy die gesag van die Skrif sonder twyfel aanvaar en in geen opsig die gereformeerde leer bevraagteken nie. Die of-of-vrae pas wel by die arme post-modernistiese mens. Dié mens soek net heillose twyfel.

Die redaksie verklaar hier openlik: Ons ken nie 'n god wat of barmhartig of toornig is nie. Ons ken nie 'n god wat tempeldiens van die hartlike diens aan Hom skei nie. Ons ken nie 'n god van teenstellings, 'n god wat sy volk in twyfel, onsekerheid laat nie.

'So waar as God getrou is - ons woord tot julle was nie ja en nee nie!' Die Woord sê nie: Hy is wel barmhartig en eintlik tog ook nie. Hy is barmhartig *en* regverdig. 'Want die Seun van God, Jesus Christus, is nie ja en nee nie, maar is 'ja in Hom'. Die Here se beloftes is betroubaar. 'Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen' (2 Korintiërs 1:18-20). Wat Die Here sê, vervul Hy. Hy vervul al sy beloftes aan sy gelowige kinders en al sy dreigemente aan wie nie glo nie.

Ek bevraagteken nie. My hart sê: U woorde is nie ja en nee nie, maar net ja. Ek glo U op u Woord. Kom my ongeloof te hulp, ook my twyfelende ongeloof. U praat. Dankie Here dat ek op u Woord mag antwoord: Amen.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**

1 **Redaksioneel**
*Ja en amen*
2 **Skrifoordenking**
*Die gebedsnood van die kerk*
Dr AH Bogaards
3 **Aktueel**
*Ag die gesag*
Dr JG Meijer
6 **Regte**
*Verdere Reg-agtergronde van lyfstraf*
Dr AH van den Bout
7 Redaksionele nota
8 **Mediese etiek**
*Embrio-kloning: 'n praktyk buite God se orde*
Dr JM Boon
9 **Uit die verlede**
*Posdag*
CR Kotzé
10 **Gedig**
*Die kampsuster*
Jan FE Cilliers
10 **Kommentaar van lesers**
- *Wie spreek ons aan as ons die 'Onse Vader' bid?*
11 **Persskou**
- *Historiese Jesus*
- *Gedagtes oor Skrif en kerk*
Ds GJ Meijer

DR JG MEIJER
POSVAKKIE 64

**Dr AH Bogaards**
Daniëlskuil

Skrifoordenking

# DIE GEBEDSNOOD VAN DIE KERK

*Handelinge 16:17, 19, 23:*

**'n Slavin met 'n waarsêende gees 'het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan jullie die weg van verlossing. ... En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep. ... En toe hulle hul baie slae gegee het, het hulle hul in die gevangenis gewerp en die tronkbewaarder bevel gegee om hulle sorgvuldig te bewaak.'**

In Handelinge 16 vers 25 tref ons Paulus en Silas aan op hulle knieë. In hierdie oordenking wil ek stilstaan by hulle *gebedsnood*. Of anders gesê: *dit wat aanleiding gegee het tot die gebed.*

Aan die begin van Handelinge 16 word vertel hoe die Here op 'n wonderlike manier die deur van Lidia se hart geopen het. Vanselfsprekend was die duiwel nie bly daaroor nie. Daardeur was daar nou 'n bres geslaan in sy Europese vesting. Hy was besig om terrein te verloor. Sy alleen-heerskappy in Filippi is bedreig deur die handelinge van Koning Jesus, deur die prediking van sy gesante aldaar. Dit kan die Satan nie verdra nie. Een bekeerling is vir hom alreeds een te veel.

Daarom gaan die duiwel ook oor tot aksie. Waar Jesus handel met sy evangelie, daar handel die Satan met sy weerstand teen die blye boodskap. Dit is vandag nog so. Troue evangelie-verkondigers sal sy teenstand ervaar.

In die boek Handelinge kry ons dus nie net die handelinge van Jesus deur sy gesante nie. Ons kry ook te doen met die handelinge van die duiwel deur sy trawante. In Filippi mobiliseer die engel van die duisternis sy helse magte teen die oorwinningstog van die evangelie.

Die *eerste soldaat* wat die duiwel teen Paulus in die veld stoot, is *'n slavin* met 'n waarsêende gees. Hierdie vrou was in diens van die afgod Apollo. Waarskynlik was sy 'n priesteres in sy tempel. Omdat sy onder die mag van 'n bose gees, 'n gees van die duiwel, was, kon sy die toekoms voorspel. Dit het haar eienaars uitgebuit en hulle het baie geld uit hierdie 'gawe' van haar gemaak.

Terwyl Paulus-hulle op pad was na die bidplek, daar waar Lidia tot bekering gekom het, het hierdie slavin hulle teëgekom. Sy het Paulus en sy metgeselle gevolg en geskreeu: 'Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg tot verlossing'. Ons kan dus sê: Dit was nie net Paulus wat daar in Filippi gepreek het nie. Die duiwel het dit ook gedoen en dit het hy gedoen by monde van hierdie ongelukkige vrou.

Miskien klink dit vir u vreemd: die duiwel 'n prediker! Is dit moontlik? Daarop moet ons antwoord: ja! Ons het meer voorbeelde daarvan in die Bybel. Hy misbruik die Woord vir sy doeleindes. Toe Jesus byvoorbeeld in die woestyn versoek is, het die duiwel juis met die Bybel na Hom toe gekom en vir Hom gesê: Daar staan geskrywe! Maar reeds dáár het geblyk dat die ou slang die Woord verdraai.

Hier sien ons die groot teenstander van God op sy gevaarlikste. Hy kom met die Bybel in die hand. Hy kom in die gewaad van 'n engel van die lig. Die 'evangelie' van sy gesante klink na die ware, suiwer leer. Luister net wat preek hierdie vrou met die waarsêende gees: 'Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing'.

Dit klink so mooi, maar dis 'n valse prediking. Ons moet mooi luister na wat sy sê. Sy preek nie: Paulus verkondig aan julle *dié* weg, die enigste weg van verlossing, nie. Nee, sy roep: Hierdie manne verkondig aan julle *'n* weg van verlossing. Dit is maar een klein woordjie, maar daardie klein woordjie "n' maak die wêreld se verskil. Daarmee sê sy naamlik: Daar is ook nog ander paaie na God toe. Christus is nie die enigste nie. My Apollo is ook 'n weg van verlossing. Dit is verder heel opvallend dat sy *die Naam van Jesus verswyg*. Ons moet nie net luister na wat iemand *sê* nie, maar ook hoor wat *verswyg* word.

In ons tyd hoor ons al meer en meer van hierdie soort preke. Daar is werklik teoloë wat leer dat ons en die Mohammedane en die Boediste dieselfde God aanbid. Hulle kom net langs 'n ander weg by God uit. *Maar ons sê: nee! Daar is net een weg en dit is Christus.*

Dit is verder skokkend hoe Christus in preke en oordenkings vandag verswyg word. Daar word vir mense gesê wat hulle moet doen en nie moet doen nie, hoe hulle hulle in die huwelik moet gedra en wat hulle politieke plig is en nog baie meer. Maar van Christus hoor jy niks nie. Dit is presies hoe hierdie slavin gepreek het: 'n Christus-lose preek. Die duiwel gee nie om dat ons preek nie, maar dan moet ons tog net nie die Naam van Jesus noem nie. Ons moet liewer nog vir mense sê: Deur julle goeie werke kan julle salig word.

Ook enige Christus-plus-my-goeie-werke-prediking is nie die ware prediking nie, want dit leer ons dat Christus nie die enigste weg is nie. Hy is

Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

dan maar net *'n* weg, maar nie *dié* weg, die enigste, nie. Dit maak sulke prediking so uiters gevaarlik.

Hoe stuit Paulus die duiwel nou in sy stormloop? Probeer hy dit self doen? Nee, hy doen 'n beroep op Christus, want vir die bose gees sê hy: 'Ek beveel jou *in die Naam van Jesus Christus* om uit haar uit te gaan'. Daarmee sê hy ten diepste: Here Jesus, handel U, want ons handelinge kan die duiwel nie keer nie. En Jesus hét gehandel, want daar staan: 'En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan'. Hier sien ons die krag van Christus-prediking gedemonstreer.

Die slavin was dus bevry. Maar daaroor was haar base nie bly nie, want nou was hulle wins daarmee heen. En juis dit gryp die duiwel as sy *tweede soldaat* aan: vir *Mammon*, die geldgod. Want die eienaars van die slavin gryp Paulus en Silas en hulle beland in die tronk. Met Mammon verslaan die duiwel vandag nog sy duisende.

Nou het die duiwel sy doel bereik. Sy handelinge het skynbaar geslaag. Die mond van die evangelie is gesnoer. Wat sal Paulus en Silas se antwoord op die nood wees? Daaroor 'n volgende keer.

AKTUEEL

# AG DIE GESAG

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**'Wat eis God in die vyfde gebod? Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle swakheid en gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer' (Heidelbergse Kategismus, Sondag 39).**

Daar word oor talle gesagdraers in die 'nuwe' Suid-Afrika ernstig gekla. Die nuusmedia vermeld reëlmatig korrupsie in hoë kringe. Dienste van owerhede versleg of word glad nie meer gelewer nie. Die toestand van verskeie paaie veroorsaak ernstige verkeerongelukke. Die polisie is nie in staat om misdaad afdoende hok te slaan nie. Gevolglik word wonings, winkels en boereplase tot bunkers omvorm. Tog dring rowers en moordenaars daar binne. Baie van hulle word nooit opgespoor nie.

Heelwat kinders kla oor vaders en moeders se tydbesteding. Daar bly min of geen tyd vir liefdevolle versorging en leiding oor nie. Die nakroos vereensaam in en buite daardie ouerhuise.

Ons hoor in hierdie klagte 'n klank van afkeur: 'Ag, die gesag. Ons voorgangers voldoen nie aan wat ons van hulle mag verwag nie.' Tereg kom dié klagte na vore.

'Ag, die gesag.' Hierdie woorde wat regverdige klagte oor pligversuim van voorgangers vertolk, is ook die leuse van anargiste. Hulle verwerp alle gesag. Jongmense minag hulle ouers, vorm bendes en terroriseer hele buurte. Vakbonde lê bedrywe deur stakings lam, slegs vanweë 'n verskil oor 'n halwe persent loonverhoging. Hulle het maling aan die bestuurders van die bedrywe. Gesag? Ag, wat. Skade van miljoene? Ag, wat.

Gesag kom in die gedrang, sowel van die kant van nalatige gesagdraers as van die kant van rewolusionêre ondergeskiktes. In hierdie situasie - vol versoeking veral vir die jonger kinders van God - bly die Here gebied: 'Ag die gesag'. Agting - waarom? Agting: wat hou dit in? Aan die hand van hierdie twee vrae besin ons oor die diep betekenis van die agting-gebod.

## Agting - waarom?

Wat gebied God in die vyfde gebod van sy wet? Die Heidelbergse Kategismus antwoord: 'Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is', eer. Ag die gesag, in gesin, kerk, skool, werkplek en staat, dwarsdeur die hele lewe.

Om watter rede beveel die Here dit? Agting - waarom?

*Gesag, die instelling van God*

God het reeds in die paradys sy rangorde onder die mense ingestel. Hy het eers die man geformeer, daarna die vrou uit die man. Die Here het met Adam sy verbond gesluit. Hy was die hoof van die menslike verbond-party. In dié posisie moes hy God se belofte, bevel en bedreiging aan Mannin, die hulp wat by hom pas, bekend maak. Sy was die eerste wat gesondig het. Sy het die voortou geneem, Adam haar mindere geag, die rangorde van God omgekeer. Haar man? Hy het Mannin in die omkeer van God se rangorde gevolg.

Na die sondeval herstel die Here die geskende verhoudings. Verlossing is nie die skepping van iets nuuts nie, maar herstel van verhoudings soos dit tevore was. Adam word opnuut hoof. Mannin word weer sy hulp wat by hom pas. Die verhouding van gesagdraer en ondergesikte word egter na die sondeval voortdurend van binne bedreig. Altwee, man en vrou, is sondig, geneig om al God se bevele in die wind te slaan, ook sy bevel insake die rangorde. Om gesag te handhaaf, moet dikwels mag uitgeoefen word.

*Gesag (exousia)* is die bevoegdheid om te regeer. *Mag (dunamis)* beteken krag. Mense wat mag het, vermag heelwat. Misdadigers oefen wel geweldige krag uit, maar het geen bevoegdheid vir hulle wanpraktyke nie. Hulle mag is onwettig. Wettige mag kan en moet uitsluitlik gebruik word om gesag te laat geld. Hieroor het die vorige maand se artikel oor 'gesag en mag' gehandel.

Ons moet die verskil tussen gesag en mag voortdurend in gedagte hou om die vyfde gebod suiwer te verstaan. Hierdie verskil word in ons omgangstaal dikwels uit die oog verloor, ja, tot in ons Afrikaanse Bybelvertalings. Die Griekse *exousia* (gesag) word in die ou vertaling deurgaans weergegee as mag *(dunamis)*. Die nuwe vertaling is in hierdie opsig wel beter as die ou vertaling, maar nie konsekwent nie. Christus openbaar by sy hemelvaart dat aan Hom alle *gesag (exousia)*, bevoegdheid

om te regeer, in die hemel en op die aarde gegee is.[1] Ons lees egter sowel in die ou as in die nuwe vertaling dat aan Hom alle *mag* gegee is.

Die gesag-verhouding wat die Here in die paradys ingestel het, herstel en handhaaf Hy na die sondeval van die mens. Ja, Hy brei dit tot alle sektore van die lewe uit.

### *Gesag, die ordening van God*

'Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is.' So lui die vyfde gebod in Romeine 13:1 (nuwe vertaling, hierna NV). Hierdie heilsame woord geld vir *elke mens*, op elke plek, te alle tye.

Waarom moet ek my onderwerp aan gesagdraers (*exousiai*)? Die antwoord op hierdie vraag staan in vers 2: Gesag is 'die ordening van God' (NV). Dit beteken: God plaas mense in rangorde. Hy self stel gesagdraers bo ondergeskiktes aan. 'Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie' (vers 1, NV). Onderwerping aan die gesagdraers beteken om die ordening van God te eerbiedig in my onder-geordende, ondergeskikte posisie waarin Hy my gestel het.

Daar is geen gesag behalwe van God nie. Hierdie kort sin in Romeine 13 veroordeel alle teorieë en praktyke wat voorgee dat gesag van *mense* afkomstig is. Daar bestaan in God se oë nie so iets as die reg van die sterkste (die diktator) nie, maar wel die sterkte van sy reg. Hy wil nie dat ons gesag aanvaar, omdat ons dit nuttig vind nie of omdat ons gewete dit goedkeur nie, maar omdat dit *sy* ordening is. Gesag het ook nie sy oorsprong in die volk (volk-soewereiniteit). Die Here stel teenoor hierdie en ander teorieë wat die mens tot gesagmaker verhef: Gesag kom nie van onder nie, maar van bo. Daar is geen gesag behalwe van My nie.

Dit is goed dat lidmate van die kerk ampsdraers verkies en dat onderdane hulle owerhede verkies. Onthou net dat God hulle deur hierdie verkiesing en benoeming tot regeerders roep en aanstel. As 'n kerkraad of owerheid sonder dwingende noodsaak die begroting oorskry, word nie die lidmate of die belastingbetalers se geld gemors nie. So 'n kerkraad of owerheid mors met die gawes wat God uit die hande van die ondergeskiktes aan hom toevertrou het. Hulle verkwis die Here se geld.

Agting vir gesagdraers. Waarom moet ek my vader en moeder, my onderwysers in die klaskamer, my dominee en ouderlinge, my werkgewer, my owerhede eer? Omdat die Here hulle bo my aangestel het. Omdat daar geen gesag is behalwe van God nie. In die opsien na gesagdraers eerbiedig ons Hom wat hulle in hulle posisies gestel het. Wie hulle minag, verag die Here wat hulle aansien gee.

### *Gesagdraers - ampsdraers*

Daar is geen gesag behalwe van God nie. Hy wat die eerste menslike gesagdraer in die paradys aangestel het, stel hom na die sondeval opnuut in dié posisie aan. Ja, Hy stel elke gesagdraer op die aarde aan, van vaders en moeders in die gesinne tot die hoë owerhede in alle lande. Die aanstelling beteken nie dat Hy sy gesag aan mense oordra nie. Nee, Hyself bly die opperste Gesagdraer.

Die Here gee aan elke gesagdraer volmag: bevoegdheid om te regeer. Dié volmag gaan gepaard met sy uitdruklike opdrag: Regeer namens My, jou Opdraggewer. Tot drie maal toe sê Hy in Romeine 13: Die owerheid is sy dienaar.[2] Dit geld vir alle regeerders, vir my vader en moeder en almal wat oor my gestel is. Die Kategismus verklaar: Die Here wil ons deur hulle regeer. Vaders en moeders in die gesin, ampsdraers in die kerk, onderwysers in die skool, werkgewers in die maatskappy moet in die uitoefening van hulle gesag as God se lewende werktuie optree. Gesagdraers is sy *ampsdraers*.

God roep elke gesagdraer om in woord en daad sy ampsdraer te wees. 'Vaders (in die gesin), moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.'[3] Werkgewers in die maatskappy kry die bevel: 'Betoon reg en billikheid, here, aan julle diensknegte, omdat julle weet dat julle ook 'n Here in die hemele het'.[4] Owerhede, 'dien die HERE met vrees, en juig met bewing.'[5] Regters, 'God staan in die vergadering van die gode; Hy hou gerig te midde van die gode.'[6]

Vader en moeder en almal wat oor ons gestel is, beklee hoë posisies. Hulle is gesagdraers. Hulle het as ampsdraers van God ook enorme verantwoordelikhede. Sy regering moet in die uitoefening van hulle gesag sigbaar, tasbaar, voelbaar word. Dit beteken konkreet:

- In die vaderlike, moederlike, herderlike sorg en leiding van die gesagdraer ondervind die ondergeskikte die hemelse Vader se sorg en leiding.
- Die gesagdraer se onderrig is God se onderrig.
- In tugtiging deur gesagdraers voel ondergeskiktes die Here se tug, tot regstelling.
- Die vonnis wat 'n regter vel, is die opperste Regter se vonnis.

Die Here roep elke gesagdraer tot verantwoording: Hoe het jy my gesag bedien in die posisie waarin Ek jou geroep het? Hoe het jy, man, julle, vaders en moeders, onderwysers, werkgewers, owerhede, julle ondergeskiktes voorgegaan om My lief te hê en aan My onderdanig te wees?

Elkeen wat met gesag beklee is en word, moet erken: Here, ek is 'n sondige mens, ook in my uitoefening van die gesag. Elke gelowige gesagdraer bid voortdurend om vergewing van nalatigheid en verkeerde optrede, maar word tog so deur die Heilige Gees en die Woord beheer, dat die hemelse Vader se sorg, leiding, onderrig, tug en straf al hoe meer in die uitoefening van die gesag sigbaar word.

Maar wat van gesagdraers wat nie besef of nie erken dat hulle die Here se ampsdraers is nie? Wat van die voortdurende dronk pa? Wat van staatshoofde wat in die vorige eeu twee wêreldoorloë ontketen en 'n see van ellende oor die aarde uitgestort het? Modernistiese teoloë vra: Was en is God wel eintlik in beheer? Het die opperste Gesagdraer alle mag? Kan Hy owerhede wat wêreldbrande ontsteek, nie keer nie?

### *God gee gesagdraers in guns en in toorn*

'Gelukkig is jy, o land, as jou koning 'n edele is, en as jou vorste op die regte tyd maaltyd hou soos manne en nie soos drinkers nie.'[7] Onder 'n owerheid wat ten spyte van sy swakheid en gebreke as dienaar van God regeer, geniet die onderdane Messiaanse vrede, vryheid, beskerming, vir sover dit in hierdie

1. Matt 28:18.
2. Rom 13:4, 6: Die verskil tussen 'diaken' en 'liturg' in die grondteks kom nie in hierdie verband ter sprake nie.
3. Ef 6:4.
4. Kol 4:1.
5. Ps 2:11.
6. Ps 82:1.
7. Pred 10:17.

wêreld moontlik is. Die regverdiges 'bloei' onder sy bewind. Hulle lewe in 'volheid van vrede'. So 'n owerheid 'sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos en die verdrukker verbrysel'.[8] In gesagdraers wat as sy dienaars regeer, betoon die Here sy goeie guns.

Daar is ook ander gesagdraers. 'Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is, en as jou vorste in die môre vroeg maaltyd hou.'[9] In sulke owerhede openbaar die Here sy toorn oor die afval van sy volk. Hy maak 'seuns hulle vorste', laat 'moedswilliges' oor die afvallige volk heers.[10] Vrede, vryheid en veiligheid verdwyn. Mense verdruk mekaar, 'man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop. ... Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. O my volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak'.[11]

Die vier perde in Openbaring 6 kom uit ... die hemel. Die Here stuur hulle. Hy gee aan die ruiter op die rooi perd die mag (nie die gesag nie) 'om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak.'[12] Wêreldoorloë word aangegaan deur owerhede wat die Here in sy toorn gee. Waarom gee die Here gesagdraers in toorn? Vanweë opstand teen sy Woord wat die ruiter op die wit perd in Openbaring 6 (die predikers van die evangelie) verkondig.

Mense stel na twee wêreldoorloë die ontstellende vraag: Is God in beheer? Dié vraagstellers wat na die Here wys, ontwyk die saak in die geding. Hulle moet nie na die *Here* wys nie, maar na die *mense* en hulle *skuld*. Weens gebrek aan skuldbesef kom hulle nie tot die nodige selfbeproewing en verootmoediging nie en ook nie tot die regte beoordeling van die geskiedenis nie.

God is en bly in beheer. Hy gee aan afvallige volke die gesagdraers wat hulle *verdien*. Hy gee in toorn 'kinders as vorste' om volke wat in sondes volhard, op die knieë en tot bekering te bring. Wat kla 'n mens oor korrupsie, misdade, moorde in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika? Laat elkeen kla 'oor sy sondes'[13] en, deur God se Woord en Gees bewoë, hom bekeer. Dan mag ons hoop op beter toestande.

As God 'n owerheid in sy toorn gee, ly die regverdiges. Die Here ontferm Hom oor hulle. Hy belowe die gelowiges wat onder slegte gesagdraers gebuk gaan: 'Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan; want die vrug van hul handelinge sal hulle eet.' Die Here laat goddelose regeerders en hulle aanhangers slegs tydelik hulle gang gaan. 'Wee die goddelose! Met hom gaan dit sleg; want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word.'[14] 'Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek neem hom weg in my grimmigheid.'[15] Hy vee op sy tyd goddelose gesagdraers weg. Onse Here is die God wat Hom ontferm, wat 'nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie'. Sy goedertierenheid is 'van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om dié te doen'.[16]

### *Ag die regeer-amp*

Waarom moet ek diegene wat bo my gestel is, as ondergeskikte hoogag?

- God het die rangorde van gesagdraers en ondergeskiktes in die paradys ingestel.
- Hy herstel geskende gesag-verhoudings na die sondeval, uit genade.
- Alle gesag kom van Hom.
- Gesagdraers is sy dienaars, sy ampsdraers.
- Die Here gee in sy toorn goddelose gesagdraers. Hulle is en bly sy ampsdraers wat Hy oor ons stel.

Wie hom dus teen gesag verset, weerstaan die ordening van God. Gesag-ondermyning is opstand teen die Here wat regeerders as sy dienaars aanstel. Hy waarsku elke opstandeling: Diegene wat die gesag 'weerstaan, sal hulle oordeel ontvang'.[17]

## Agting - wat hou dit in?

Wat eis die Here in die vyfde gebod? Ons besin hier kortliks oor enkele sleutelwoorde in Sondag 39 van die Kategismus. Sien vir die leer van die Skrif oor agting van die gesag die tekste waarna Sondag 39 verwys.

### *Lojaliteit*

Ek moet gesagdraers 'alle eer, liefde en trou bewys'. *'Eer'* beteken van gewig ag, hoogag. Die teenoorgestelde daarvan is laag ag, van min of geen gewig ag nie, vervloek. Eer die gesagdraers wil sê: Ag hulle gesag; erken hulle in die regeerposisie waarin die Here hulle aangestel het.

*'Liefde'* is nie gerig op die *persoon* van die gesagdraer nie, maar op die *amp* waarmee die Here hom of haar beklee. God die Here betoon sy guns, as ons benewens die amp ook die persoon kan liefhê. Kinders ontvang 'n liewe vader en moeder as kosbare gawes uit God se hand. 'n Kind van 'n harde pa en venynige ma moet die amp wat die Here aan sy ouers toevertrou het, liefhê. Ons word nie geroep om goddelose owerhede persoonlik lief te hê nie. Ons moet hulle amp liefhê, die gesag wat van God kom.

*'Trou'* is die derde sleutelwoord in Sondag 39. Wie trou is, kom beloftes en verpligtings na. Trou van ondergeskiktes is die heelhartige aanvaarding van reëls in die gesin, in die werk, ensovoorts.

Eer, liefde en trou kan ons in een woord saamvat: lojaliteit, eerbiediging van almal wat die Here oor ons aangestel het, 'n hartlike gesindheid om ondergeskik te wees en alle samewerking te verleen aan die instandhouding en aanvaarding van die 'ordening van God', die rangorde onder die mense wat Hy ingestel het.

### *Gehoorsaamheid*

Die tweede sin in die antwoord van Sondag 39 lui: 'Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp'. Gehoorsaamheid sluit al die lojale ondergeskiktes se dade in. Hulle hoor wat die gesagdraer sê, maak seker dat hulle die bedoeling van die woorde verstaan en tree dienooreenkomstig op.

---

8. Ps 72:7, 4; vgl. ook verse12-14.
9. Pred 10:16.
10. Jes 3:4.
11. Jes 3:5, 12.
12. Op 6:4.
13. Klaagl 3:39.
14. Jes 3:10, 11.
15. Hos 13:11: God het alle koningshuise van die noordelike ryk (Israel) laat ondergaan, net soos heidense konings en hulle aanhang (sien onder meer die ondergang van Farao in Eks 14:26-28; die kranksinnigheid van Nebukadnesar en die herstel in sy koninklike waardigheid na die erkenning van die Here in Dan 4:37); Hy vee volgens sy dreiging in Ps 2 vorste en volke van die wêreldkaart af weg: sien ook die volkeprofesieë in onder meer Jes 13-21; 30:24vv; 33-34; 47; 63:1vv; Jer 25; 43:8vv; 46-51; Es 25-32; 35; 39.
16. Ps 103:9, 17-18.
17. Rom 13:2.

Gehoorsaamheid begin in die gesonde gesin. Van kindsbeen leer ons om te luister, te verstaan en onmiddellik te doen. Vader en moeder staan op die direkte uitvoering van opdragte. Kinders wat nie van jongs af gehoorsaamheid leer nie, word ryp gemaak vir ondermyning van die gesag in die kerk, die werkkring en in die staat.

Sondag 39 vermeld ook grense van gehoorsaamheid. Ek moet my (nie aan afvallige leer nie maar) aan *goeie* leer en tug (nie met blindelingse nie maar) met die *verskuldigde* gehoorsaamheid onderwerp. Die grense van die gesag is in hierdie artikel egter nog nie ter sprake nie.

*Geduld*

Hoe ver strek ons verskuldigde gehoorsaamheid? Heel ver, voordat ons die grens van die gehoorsaamheid-plig bereik. Ons leer in Sondag 39: 'Ook moet ek met hulle swakheid en gebreke geduld hê'. Sedert 1987, die tweede hersiene uitgawe van ons Psalmboek, is die woord swakheid in Sondag 39 weggelaat. Jammer. Swakheid dui net op gevolge van die sonde, terwyl gebreke die regeerders se sondes beklemtoon.

*Swakheid* - Die Kategismus verwys na die gebod in Spreuke 23:22: 'Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.' Bly hulle hoogag vanweë die posisie waarin die Here hulle gestel het.

*Gebreke* - Ouers is sondige mense. Toe Noag dronk word en naak in sy tent lê, begluur een van sy seuns hom en blaker dit uit. Hy minag sy vader. Die straf? 'n Vervloeking in die naam van die Here. Noag se ander twee seuns het geduld met vader se gebrek. Hulle bly hom in sy Godgegewe regeer-amp eer.[18]

Werknemers moet nie slegs teenoor vriendelike here onderdanig wees nie, 'maar ook aan die wat verkeerd is'.[19] Verkeerde here. In die grondteks staan die woord *skolioi*. Stam 'skollie' van hierdie woord af? Ons ken in Afrikaans die duidelik verwante woord skoliose, 'n ruggraat-verkromming. Verkeerde werkgewers is krom mense. Hulle staan skeef, tree onbillik en hardvogtig op. Sulke werkgewers stel eise wat nie uitgevoer kan word nie. Hulle straf na willekeur, onredelik.

Bly onderdanig, sê die Here. 'Watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly - dit is genade by God.'[20]

Die Here roep tot geduld met gelowige gesagdraers wat soos Noag in sonde val. Sterker nog: Hy roep tot geduld met ongelowige, goddelose gesagdraers. Dawid wat deur Saul vervolg word en sy vyand kan oormeester, sê aan sy manne: 'Mag die HERE my bewaar dat ek so iets aan my heer, die gesalfde van die HERE, sou doen om my hand teen hom uit te steek; want hy is die gesalfde van die HERE'. Hy vermaan wel sy koning wat op sy lewe loer: 'Die HERE sal oordeel tussen my en u, en die HERE sal my aan u wreek; maar my hand sal teen u nie wees nie.'[21]

Die regter Pontius Pilatus sê vir Christus: Weet U nie dat ek gesag (*exousia*) het om U te kruisig en gesag het om U los te laat nie? Die Heiland antwoord sy aardse regter vermanend: U sou geen gesag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. U sal eendag verantwoording van u vonnis aan die hoogste Regter moet aflê. Hierdie woorde tref Pilatus. Hy word bang, probeer nog om die Here los te laat[22] ...

Ag die gesag. Die vyfde gebod strek baie ver. Ag die regeer-amp waarmee die Here almal wat oor my gestel is, beklee. Ag ook die regeer-amp van goddeloses, van antichriste.

Moet ons alle bevele van gesagdraers blindelings opvolg? Of het gesag grense? Hierdie kwessie kry DV volgende maand ons aandag.

---

18. Gen 9:21-27.
19. 1 Pet 2:18vv.
20. 1 Pet 2:20.
21. 1 Sam 24:7, 13.
22. Joh 19:10-12.

**REGTE**

# Verdere Reg-agtergronde van lyfstraf

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

Om lyfstraf as straf deur 'n hof opgelê te kry, gebeur wanneer 'n bepaalde misdaad begaan is. Onder lyfstraf word dan verstaan die toediening van houe oor die rug of boude met 'n voorgeskrewe instrument. Dit is belangrik dat allereers gekyk word na die verskillende strafteorieë.

## Strafteorieë

Daar is drie strafteorieë wat in die strafreg gebruik word. Die eerste is die *absolute teorie* wat gemik is op vergelding. Hierby is die straf 'n doel op sigself. Die tweede is die *relatiewe teorie* wat drie doelstellings het, naamlik voorkoming, afskrik en hervorming. By die relatiewe teorie is straf slegs 'n middel tot die doel en is dit vooruitskouend op 'n toekomstige doel. Afskrik kan dan onderverdeel word in individuele en algemene afskrik. Die derde teorie is die *vereniging-teorie*.

Die vergelding-teorie veronderstel morele skuld. Die misdadiger kry sy verdiende loon. Hierdie beginsel vind ons in die Bybel in Genesis 9:6 en Eksodus 21:23-25. In ons Suid-Afrikaanse hofstelsel is vergelding 'n onmisbare deel in die regverdiging van straf. Die gemeenskap eis dat die oortreder vir sy wandade moet betaal.

Dit is egter duidelik dat ons howe die *vereniging-teorie* ondersteun, wat in feite beteken dat elke teorie sy voor- en nadele het en dat 'n eweredige verhouding tussen strafmaat en morele aanspreeklikheid, asook strafmaat en skade wat aangerig is, bestaan. 'n Gesonde balans tussen die verskillende strafteorieë behoort gehandhaaf te word. Strafversagtende en strafverswarende faktore word eers ter sprake gebring nadat die misdadiger skuldig bevind is en voordat straf opgelê word.

## Lyfstraf toegedien

In die ou strafproseswet (51/77) artikel 294 is daar vir die oplegging van lyfstraf op jeugdige manlike oortreders voorsiening gemaak. In artikel 295 was daar voorsiening gemaak op die beperking tot lyfstraf dat geen vrou en niemand bo die ouderdom van dertig jaar deur 'n hof tot lyfstraf gevonnis kon word nie en dat lyfstraf nie deur 'n hof opgelê kon word nie indien daar bewys is dat psigoneurotiese of psigiatriese toe-

stande tot die pleging van die misdaad bygedra het. Mediese voorsorg is altyd getref deurdat 'n sertifikaat van 'n dokter verkry is. Ook die wyse van toediening was streng gereguleer, naamlik in afsondering en deur iemand wat deur die hof aangewys is om oordeelkundig met menslikheid, matig te tugtig en deur iemand met 'n gesonde en gebalanseerde oordeel.

Die aantal houe mog nie meer as sewe wees nie. Hoewel die volwassenes se boude ontbloot is, is die jeugdige se lyfstraf deur 'n 'jeugdige rottang' oor sy klere toegedien. 'n Ouer of voog mog teenwoordig wees.

## Die ontwikkeling van lyfstraf in Suid-Afrika

Lyfstraf is in die 17e en 18e eeu gewoonlik as 'n deel van die uiteindelike teregstelling toegedien, hoewel diefstal die mees algemene oortreding was. Lyfstraf was in daardie dae buite verhouding tot die misdade wat gepleeg was. Enkele voorbeelde: 'n Skaapwagter wat vee laat wegraak het, het honderd houe gekry en iemand wat 'n wapen of gereedskap verloor het, vyftig houe. 'n Onbeperkte aantal houe was ook nie ongewoon nie.

Na 1806 het die Engelse begin oorneem en is daar ligter en meer aanvaarbare en menslike strawwe gebruik. Reeds in daardie tyd is bepaal dat geen vrou lyfstraf mag ontvang nie en dat medies ongeskikte misdadigers ook nie op hierdie manier gestraf mag word nie.

Na Unie-wording in 1910 is na aanvanklike wanorde die strafproseswet in 1917 (31/17) aangeneem, wat na 'n aantal wysigings uitgeloop het op die strafproseswet van 1977 (51/77). Die aantal houe is beperk en die straf mog net aan mans en nie aan vroue toegedien word nie. Die straf mog nie in die openbaar plaasvind nie. 'n Kommissie het in 1945 spesiale misdadigers geïdentifiseer wat lyfstraf waardig was en ook omstandighede vasgestel waarin lyfstraf nooit behoort opgelê te word nie. Lyfstraf as afskrik-waarde vir geweldmisdadigers is as die deurslaggewende rede aanvaar om nog steeds lyfstraf as straf te aanvaar.

Na 1952 (wet 33/52) is lyfstraf selfs as verpligtend beskou vir misdade soos verkragting, roof, strafbare manslag, aanranding met die doel om verkragting of roof te pleeg en huisbraak met die doel om misdaad te pleeg. Dit was egter nie van toepassing op persone bo vyftig jaar oud, vrouens, gewoonte-misdadigers en liggaamlik sieklike persone nie. Die maksimum aantal houe is beperk tot tien. Na 1959 mog ook net die rottang en die kats gebruik word. Jeugdiges onder 21 jaar kon as tugmaatreël lyfstraf ondergaan, met as doel om hulle uit die gevangenis te hou en te keer dat jeugdiges verder versleg deur kontak met gevangenes. Later is die aantal houe verder beperk en die omstandighede strenger gekontroleer (strafproseswet 51/77).

## Internasionale druk

Menseregte is in baie ander lande ontwikkel en vasgelê in internasionale menseregte-dokumente. Die Konstitusionele Hof het in sy beslissing van **S v Williams** die duidelike internasionale neiging dat lyfstraf onaanvaarbaar is, oorweeg en veral die argumente dat dit die gemeenskap se siening van betaamlikheid krenk en dat dit 'n direkte aanval is op die reg van elke mens se menswaardigheid. In baie lande was lyfstraf as straf reeds afgeskaf. Naburige lande soos Namibië se beslissing dat lyfstraf vir jeugdiges wreed en/of onmenslik en/of vernederend is, is baie noukeurig oorweeg. Eie Hooggeregshofbeslissings, wat ook teen lyfstraf uitgespreek word, was reeds gedoen in onder andere **S v Kumalo** 1965 (4) SA 565 (N), **S v Motsoesoana** 1986 (3)SA 350 (N) en **S v V en 'n Ander** 1989 (1)SA 532 (A).

Regter Langa het in die Konstitusionele Hofbeslissing **S v Williams** bevind dat lyfstraf vir jeugdiges nie 'n meer doeltreffende afskrikmiddel is nie en dat dit slegs die doelwit van vergelding kan bevredig. Hy is van oordeel dat vergelding op sigself nie die bestaan van lyfstraf kan regverdig nie. Die argument dat as lyfstraf verdwyn, meer jeugdiges in die tronk sal beland, beantwoord hy met: *'to the extent that facilities and physical resources may not always be adequate, it seems to me that the new dynamic should be regarded as a timely challenge to the state to ensure the provision and execution of an effect juvenile justice system. The wider range of penalties now provided for in the (criminal procedure) act permits a more flexible, but effective approach when dealing with juvenile offenders'* (Par. 74).

Dat Regter Langa die moontlikhede en die omstandighede van die strafstelsel in hierdie opsig totaal verkeerd beoordeel het, het met verloop van tyd duidelik geword. Van die ideale omstandighede waaraan Regter Langa gedink het, is in 'n derde wêreldland soos Suid Afrika geen sprake nie.

'n Volgende keer verder.

## Redaksionele nota

*Ds ALA Buys het sy studiereis na Nederland voltooi en van Piet Retief na Pietersburg getrek. Die redaksie wens hom die Here se onmisbare seën toe oor die werk in die tweede gemeente wat Hy aan sy pastorale sorg toevertrou het, asook oor die afronding van sy studie.*

*Dr JM Boon bly sedert einde Desember 2000 met sy vrou en twee dogtertjies in Engeland vir nagraagdse mediese studie in Oxford. Mag ook sy werk onder die seënende hand van die Here voorspoedig voortgaan. Ons hoop hy kan sy belofte gestand doen om die gewaardeerde rubriek 'mediese etiek' gedurende sy verblyf oorsee te bly behartig.*

*Die redaksie verwelkom twee nuwe medewerkers. Dr AH van den Bout, medikus en sedert onlangs regsgeleerde, behartig al enige tyd die rubriek 'regte'. Mag sy rubriek skriftuurlike leiding gee in talle 'reg-vraagstukke' waarmee sowel die regering as sy onderdane in die 'nuwe' Suid-Afrika steeds intensiewer sal moet worstel.*

*Verder verwelkom ons dr AH Bogaards, predikant van Die Gereformeerde Kerk Daniëlskuil, as gereelde medewerker. 'n Mens druk op sy knop en hy is altyd daar. Die vraag om vier Skrifoordenkings word binne 'n maand besonder bevredigend beantwoord: al vier is reeds aan die eindredakteur 'ge-epos'. Dr Bogaards is 'n kenner van rekenaar-gebruik, met name van die internet. Hy behartig 'n rubriek oor rekenaargebruik DV met ingang van ons volgende nommer, tot bevordering van die regte gebruik en moontlik ook waarskuwend teen misbruik.*

*Twee nuwe medewerkers in twee nuwe vakgebiede. Die redaksie is dankbaar dat - al gaan dit stappie vir stappie - ons die doel van die blad mag najaag: die hele lewe: diens aan God. Tot eer van sy Naam.*

# Embrio-kloning: 'n Praktyk buite God se orde

Dr JM Boon, Oxford

**Ons hoor die afgelope jaar of twee heelwat oor kloning van diere en moontlik van mense. Meestal word laasgenoemde veroordeel, selfs deur medici wat nie meer weet van die bestaan van God se wet nie. Min mense besef egter, dat menslike embrio-kloning 'n gevestigde praktyk in die weste begin word.**

'n Gesaginstansie soos die 'House of Lords' in Engeland het reeds die groenlig gegee vir embrio-kloning, so berig 'n nuusblad in Engeland.

Die rede is eenvoudig: die menslike embrio word nie as 'n Godgeskape mens beskou nie. Want oral in die weste word menslike lewe as beskermwaardig in die wetboek geskrywe. Omdat die jong menselewe wat nog nie in die moederskoot ingeplant is nie, nie lewenswaardig sou wees nie, is eksperimentering daarmee geoorloof. Engeland en so ook die hele weste se embriologie-laboratoria is vol van menslike embrio's in verskeie vrieskaste van mediese universiteite.

Hoe is dit moontlik, sou mens tereg vra? En inderdaad, vroeg hierdie jaar het die 'House of Lords' die groenlig gegee vir mediese navorsing op stamselle van menslike embrio's, sogenaamde terapeutiese kloning van menslike embrio's. Embrionavorsing en kloning van die stamselle van die embrio sou moontlik kon help in die stryd teen Parkinson se siekte, kanker en hartsiektes. Dalk het dit potensiaal om organe te genereer vir oorplantingchirurgie.

## Wat is stamselle?

As God die mens in die moederskoot weef, dan sien ons dat 'n sigoot na bevrugting ontstaan wat uit twee selle bestaan. Verdere verdeling van selle volg dan vinnig daarna, totdat daar binne 'n paar dae drie sellae ontstaan: die endoderm, mesoderm en ektoderm. Hierdie sellae bevat verskillende tipes stamselle, of voorloperselle, wat die voorlopers is van al die organe wat in die liggaam gevorm word. Al die organe is reeds op 10-12 weke na bevrugting gevorm en funksioneel. So bevat die stamselle vir hartweefsel of lewerweefsel al die inligting wat nodig is om uiteindelik die hart en lewer te vorm. Pragtige werk van die Heilige Gees! En ons weet vandag heelwat van hierdie ontwikkeling af, danksy verskeie tegniese hulpmiddele en vakke soos embriologie en genetika.

## Wat is embrio-kloning?

Embrio-kloning kom dus daarop neer om die stamselle van hierdie jong menselewe, wat mikroskopies klein is en skaars sigbaar is, te 'oes', te isoleer en dan verder te kloon in die laboratorium. Sodoende kan 'goeie' stamselle gebruik word vir die groei van sekere organe of sekere tipes weefsel. Dit kan dan moontlik gebruik word vir oorplanting, of die stowwe wat deur die weefsel afgeskei word vir die moontlike behandeling van siektes. Die hele proses word gedoen ten koste van die normale groei van die embrio en gewoonlik ten koste van die lewe van hierdie jong menselewe.

Gewoonlik is die menslike embrio's afkomstig van in vitrofertilisasie-prosesse waar heelwat 'oortollige' en 'swakker' embrio's oorbly, wat nie in die baarmoeder van die moeder ingeplaas is nie. Hierdie embrio's word dan in 'n vrieskas 'gebêre' of soms gewoon 'weggegooi'. Meeste in vitrolaboratoria bevrug ten minste tien embrio's en plant dan drie of vier in die baarmoeder in met een behandelingsessie. Die res word gewoonlik bevries vir 'n moontlike volgende keer. Die rede hiervoor is gewoonlik finansieël, aangesien die proses baie duur is.

Die gevolg is dat daar oral in die weste vrieskaste vol embrio's lê, wat nou met die kloningontwikkeling baie 'nuttig' blyk te wees. Die nie-ingeplante embrio is al aanvanklik met die proses van in vitro-fertilisasie deur meeste eenhede nie as 'n jong menselewe beskou nie; dus is die stap na eksperimentering daarmee nie so 'n groot stap nie. Die vraag waar hierdie jong menselewens vandaan kom, is dus eweneens skrikwekkend.

## Blind vir God se gebod?

Onwillekeurig dink mens, veral ook nou met die 56ste herdenking van die bevryding van Auschwitz en die berriggewing daaroor, aan die duisende menslike embrio's, mense in die vroegste stadium van hul lewe, wat oral in die weste, maar veral in Wes-Europa in vrieskaste 'gebêre' word. Eksperimentering op mense sonder enige verweer.

Uitgebreide beriggewing oor die inderdaad vreeslike menseslagting in die tweede wêreldoorlog, maar blind vir die duisende lewens in wetenskaplike instansies?

Het die Here nie elke mens met sy eie hand geformeer in die moederskoot nie, soos Psalm 139 daarvan sing? Inderdaad, en as die Skepper van die jong menselewe so pragtig oor sy skepping in sy Woord praat en ons dit ook mag bestudeer, dan kom embrio-kloning direk in konflik met die sesde gebod.

Ons moet dit sterker stel: Embrio-kloning is die resultaat van die najaag van die moderne verafgoding van die menslike liggaam en sy genot. Want net langs die berig oor kloning van menslike embrio's in die koerant pryk 'n groot advertensie van 'n model-figuur vrou wat 'n 'health club' adverteer. Die nuwe lewenstyl wat gedryf word deur my gesondheid en my idee van gemak en welvaart. En dit gaan altyd ten koste van die medemens se lewe. Aan die een kant geweldig vroom nadink oor die etiese ramp van die tweede wêreldoorlog, wat dit inderdaad was, maar aan die ander kant 'n blindheid vir eietydse ongeregtigheid.

Die diens aan die Skepper is vervang met diens aan die skepsel. En die mediese wetenskap speel lustig daarop in. Genesing en navorsing word nie gedoen sodat die mens sy God kan dien nie, maar ten bate van die najaag van die nuwe gesondheidsbeeld.

In plaas dat die mens God dien en Hom alleen liefhet, word die skepsel eerder aangeroep. En in plaas daarvan dat God gedien word soos Hy in sy Woord aan ons beveel, ontsien die najaag van die moderne gesondheidsbeeld nie die breek van God se gebooie nie. Eksperimentering op menslike embrio's is 'n direkte en skaamtelose oortreding van die sesde gebod: 'Jy mag nie doodslaan nie'. Dit is nie meer 'n probleem in hierdie beeldediens nie. En so sit ons midde-in die eerste en tweede gebod van die Here. Want dit gaan nie alleen oor oortreding van die sesde gebod nie, maar ook oor eiewillige godsdiens.

# POSDAG

CR Kotzé

**'n Eeu gelede. In 1901 stroom Britse kampe vol, oorvol. Krygsgevangenes word oorsee gestuur. Ander mans het gesneuwel. Die orige van hulle wat bevele van die wettige owerheid uitvoer, veg in die veld. Britse soldate laat boereplase in vlamme opgaan, verniel kerke en huise. Vroue en kinders word - van byna al hul besittings gestroop - in vrouekampe geplaas. Omtrent 'n kwart van hulle sterwe na uitputting of uittering.**

Talle getuienisse oor die mannekampe in die vreemde en oor die vrouekampe is gepubliseer. Twee daarvan word in hierdie publikasie weergegee. Een daarvan (uit 'n mannekamp) volg hieronder. Die ander een (uit 'n vrouekamp) is die gedig. Ons hoor daarin wonderwerke van die Here. Sy Gees gee deur sy Woord die krag om in die mees haglike omstandighede te volhard in geloof, in liefde, in hoop en om die wanhopige by te staan.

Laat ons gedenk watter offers ons voorgeslag in 'n oorlog vir die behoud van hulle vryheid gebring het. En mag ons vandag, in ons kerklike, gesin-, nasionale, persoonlike en watter ander omstandighede ook al hulle geloof navolg: Kyk nie vas teen wat jy sien nie. Volg dié voorsate wat - van alles beroof - volhard het in die gelowige aanvaarding van hierdie woorde: "n Klein bietjie is vir die regverdige beter as die rykdom van baie goddelose. ... Die HERE ken die dae van die opregtes, en hulle erfdeel sal tot in ewigheid bly. Hulle sal nie beskaamd staan in die slegte tyd nie, en in dae van hongersnood sal hulle versadig word' (Psalm 37:16-19). 'Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan' (Psalm 1:6).

CR Kotzé vertel oor 'n posdag in die tyd van sy ballingskap op die eiland St. Helena:[1]

Wanneer 'n groepie krygsgevangenes in ons kamp aankom, het hulle ons baie vertel van die vroue, die burgers, die gevegte en die vooruitsigte. Dan weet ons ook dat die skip wat hulle afgelaai het, vir ons briewe gebring het, wat ons eers oor 'n paar dae sal kry wanneer die berugte sensor daarmee klaar is. Hierdie amptenaar het die briewe gewoonlik so met 'n inkkwas deurgestreep en met die skêr versnipper, dat die Boere verbitter was en in die reël van hom gepraat het as 'Mr Runderpes'.

Wanneer Mr Runderpes sy taak van toesmeer en afknip voltooi het, kom die pos na die krygsgevangenes. Dan begin ons geëerde posmeester, mnr Kroon, bygestaan deur mnr Mentz, al die briewe haastig sorteer en alfabeties rangskik.

Eindelik lees ons die kennisgewing en op die bepaalde uur staan ons posmeester of sy assistent hoog op 'n kis en al die krygsgevangenes met gemengde gevoelens van vrees en hoop rondom hom. Eers lees hy die name voor wat met A begin en reik al die briewe alfabeties uit in 'n uur se tyd.

Op die posdag heers in die kamp miskien meer droefheid as vreugde, want daar kom veral uit die konsentrasiekampe so baie berigte van ellende, siekte en dood. Teen die namiddag en in die aand van die posdag sien ons orals in die kamp die manne eensaam en alleen loop en staan en sit - meestal met 'n konsentrasiekamp-brief in die hand! Menigeen gaan daar in 'n huisie of elders na 'n eensame hoekie om troos te soek in die gebed.

Waarlik, op daardie posdag is almal se hart weer vol en gaan almal se gesprekke weer oor plase wat verwoes is, huise wat afgebrand is, kerke wat verniel is, burgers wat in hierdie of daardie geveg gesneuwel het, oor moeders, eggenotes, susters en dogters, wat ook nou gevang is, wat siek is of dood is. Tot laat die aand dwaal die manne so alleen in die kamp rond: jy hoor hulle sug, jy sien hoe hulle die trane afdroog, jy kom hier en daar op hulle af in die donker hoekies van die kamp, waar hulle bid. Dis voorwaar die lydensuur van die Boerevolk!

En dan die brief wat terugkom! As die persoon daar op die kis die Boer se naam voorlees en daar word so van hand tot hand vir hom aangegee 'n brief met 'n St. Helena-posseël en in sy eie handskrif, dan is daar angste in sy siel! Die eerste gedagte wat by hom posvat, is: 'Ag! Sy is seker dood, daarom kom die brief terug!' Nou dwaal hy tussen die tente en huise na dié vriend of daardie bekende, wat ook dierbares in dieselfde kamp het. Miskien verneem hy nog vanaand van 'n berig uit 'n ander brief dat sy dierbare werklik dood en begrawe is, of hy moet nog weke en maande so in vertwyfeling en angs deurmaak. Waarlik, posdag is vir menigeen in die kamp 'n dag van hartseer en trane.

Dit was juis aan die einde van so 'n posdag, dat die skrywer in die skemer wandel en by 'n paar ooms kom wat op die groen gras sit en gesels.

Daar is onder meer oom Piet, as gevolg van hierdie dag se tyding baie verbitterd en wanhopig.

'Ou swaer', so roep hy uit, 'wat het ek en jy vandag? Alles op ons plase is vernietig, ons huise is verbrand, selfs ons kerk op die dorp is verniel, en sover ons weet, is reeds drie van ons kinders dood en begrawe! Het ons nog 'n land? Het ons nog 'n volk? Het jy en ek nog ons grond?'

'Kyk, ou swaer, daar het ek nou vir jou gelees dat my vrou skrywe van my buurman en van daardie buurman van jou en van nog ses bekendes in ons distrik, wat almal onder die Engelse ingegaan en hulle ryk gesteel het! Twee van hulle het in dié kort tydjie al 'n tweede plaas gekoop! Sê vir my, ou swaer, wat word van ons en ons dierbares?'

Die ou swaer, wat 'n waardige ouderling is, antwoord op ernstige toon: 'Nee, Piet, jy moenie so praat nie! Jy moet Psalm 73 lees, wat ons vermaan dat ons ons tog nie moet blind staar op die voorspoed van die goddeloses nie. Ons moet let op hul einde! Kyk, Piet, glo vir my, as God sy volk straf, dan is die aasvoëls vet, en as God sy volk weer seën, dan is die aasvoëls maer.'

1. Oorgeneem uit E Jansen & W Jonckheere. *Boer en Brit: Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog.* Pretoria: Protea Boekhuis, 1999, p 299-301.

Gedig

# Die kampsuster

Jan FE Celliers (1865-1940)

Suster Anna, ek voel dis die dood wat kom:
slaat ope die tentdoek, na buitekant om,
dat my oë vry oor die bulte gaan. -
Suster Anna, ek hoor 'n kerkklok slaan.

Ek hoor hoe die kindertjies roep vir my;
van ons klompie moes ek nog die laaste bly.
Kom neem tog my hand, soos jy dikwels doet -
ag, altyd was suster vir ons so goed.

My man, hy lê ver langs Toegéla-stroom af,
en niemand weet waar of hy rus in sy graf;
ag, suster, en neem nou die Heer nog vir my,
dan is Pieter allenig nog oorgebly.

Ek weet hy bly staan met sy roer in sy hand -
ja, trou tot die dood, vir sy volk en sy land;
en mog dit so wees dat die Heer hom behoed,
so bring hom tog, suster, sy moeder haar groet,

en sê vir hom, selfs op die donkere rand
het jy vrees nòg bewing gevoel aan haar hand;
en dit was haar troos, dat haar Pieter sal hou
aan sy God en sy land, aan sy ere en trou.

Die kindertjies, Breggie en Japie en Faan,
het suster die een ná die ander sien gaan;
en jy sê daar's 'n plekkie vir my nog gebly,
waar moeder kan rus aan klein Fanie se sy.

Die ou huis se murasie staat swart en ontbloot,
waar almal so saam was om moeder haar skoot;
maar ver van die huis en verstrooi deur die land,
rus almal tog saam in die Here se hand.

Oor die velde kruip saggies die awend se grou;
maar, suster, ek sien nog die hemel se blou. -
Daar rol 'n gedreun oor die bulte aan -
suster Anna, ek hoor 'n kerkklok slaan.

Kommentaar van lesers

# WIE SPREEK ONS AAN AS ONS DIE 'ONSE VADER' BID?

**J Meijer van Pretoria skryf:**

In Sondag 45 (vraag en antwoord 118) van die Heidelbergse Kategismus bely ons dat God ons beveel het om alle geestelike en liggaamlike behoeftes van Hom te bid en dat Christus die behoeftes saamgevat het in die gebed wat Hy self aan ons geleer het, naamlik: 'Onse Vader wat in die hemele is ...'.

Wanneer die vraag gestel word watter Persoon van die drie-enige God ons aanspreek as ons die 'onse Vader' bid, is daar 'n groot vermoede dat heelwat kerklidmate soos volg sal antwoord: 'Ons bid natuurlik tot die eerste Persoon, God die Vader; God die Seun en die Heilige Gees word nie ook aangespreek nie.'

Dié antwoord is egter nie korrek nie. As mens sou argumenteer dat God die Vader tog ons Vader is, sou as teenargument gestel kan word dat die Seun en die Heilige Gees dit ook is. In die heilige Drie-eenheid is die Vader, die Seun en die Heilige Gees as een enige Wese aan ons geopenbaar. Ons doen hiermee niks af van wat ons in artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely nie, naamlik dat die Vader nie die Seun is nie en dat die Seun nie die Vader is nie. Eweneens is die Heilige Gees nie die Vader nie en ook nie die Seun nie.

Maar ons moet die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het as God, die Drie-enige, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, van harte aanroep. Ons drie-enige God is die Vader wat in die hemele is (Sondag 45, antwoord 117).

As iemand sou sê dat ons die Seun tog nie as ons Vader kan aanspreek nie, moet die antwoord lui dat mens met die woorde 'onse Vader' nie apart die Seun aanspreek nie, maar die drie-enige God. Daarom word die naam van die Seun nie uitdruklik in die 'onse Vader' vermeld nie, ook nie die naam van die Heilige Gees nie, want dié name is by die aanspreekvorm 'onse Vader' inbegrepe.

Terloops kan opgemerk word dat die Seun Homself tog wel die Vader van die kinders van die kerk noem. Sien Jesaja 9:5 waar die Seun 'ewige Vader' genoem word en Hebreërs 2:13b waar die Bybelskrywer aanhaal wat Jesus gesê het: 'Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het'.

Tereg vra die Kategismus in Sondag 46 (vraag 120) dus: *Waarom het Christus ons beveel om God (die Drie-enige) as onse Vader aan te spreek*? Dan antwoord ons belydenis dat die grond van ons gebed is dat God (drie-enig) deur Christus ons Vader geword het. Die drie-enige God, Hy is 'onse Vader wat in die hemele is'.

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# HISTORIESE JESUS

Die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk het op 9 November 2000 sy jaarlikse kongres gehad. By dié geleentheid is daar gepraat oor navorsing wat die afgelope jare oor die sogenaamde soektog na die historiese Jesus gedoen is – 'n saak wat in *Waarheid en Dwaling* ook al onder die loep gekom het. Dr Daan van Wyk (jr), 'n Hervormde teoloog, het tydens die kongres sekere gevolgtrekkings ten opsigte van die historiese Jesus-navorsing geformuleer. Daardie gevolgtrekkings is deur die Genootskap as sy standpunt aanvaar. Dit is gepubliseer in *Die Hervormer* van 1 Desember 2000.

- *Die kerk kan die historiese Jesus-navorsing/vraagstelling nie vermy nie. Die kerk moet verwag dat die resultate van die historiese Jesus-navorsing in die toekoms lewendig en sensasioneel aan die kerkvolk opgedring gaan word. Die kerk sal gereed moet wees om vir die lidmate daaroor leiding te gee.*
- *Die kerk behoort nie uit die staanspoor negatief te reageer op al die fasette van die huidige historiese Jesus-navorsing nie. Al is daar fasette van die navorsing wat vir die kerk onaanvaarbaar is en verwerp behoort te word, is daar baie ander fasette van die navorsing (byvoorbeeld die navorsing wat gedoen word oor die gelykenisse en oor die koninkryk van God) wat die kerk ten goede sal kan ontgin en diensbaar sal kan maak vir kerk en teologie.*
- *Die kerk behoort enige vorm van reduksie van die geloof tot die historiese Jesus, te verwerp. Die geloof en die kerklike verkondiging is nie van kennis van die historiese Jesus afhanklik nie.*
- *Die kerk behoort sy geloof in Jesus as die Christus en as die Here en as God te herbevestig (opnuut te bely). Oor die historiese Jesus, sy lewe, sy geboorte, sy kruisdood en sy opstanding kom die kerk voor 'n misterie te staan. Die historiese metode is te ontoereikend om die* ***wat*** *en die* ***waar*** *en die* ***hoe*** *van Jesus met presiesheid uit te stippel. Histories weet ons wel van Jesus genoeg om saam met die kerk van die eeue ons geloof in Hom te bely: Ons weet dat daar so 'n mens Jesus was, dat Hy gesterf het en dat Hy opgestaan het. Saam met die kerk van die eeue bevestig die kerk vandag dat dié Jesus die Christus is, die Here is, God is.*
- *Die kerk verwerp interpretasies van Jesus wat net fokus op sy woorde en dade en by die betekenis van sy kruis en opstanding verbygaan.*
- *Eensydige terugvra na Jesus sonder om die klem op sy kruisdood en opstanding te lê, het tot gevolg dat Jesus ontchristelik en ontgoddelik word. Hierdie neiging tot ontchristeliking van Jesus behoort verwerp te word. Dit is 'n ander evangelie as die evangelie van die Bybel en van die kerk van die eeue.*
- *Die kerk verwerp die neiging dat die klem op die historiese Jesus tot gevolg het dat dit uiteindelik net gaan om sosiale verbetering van die mens en nie meer oor die verlore sondaar wat deur die verlossingswerk van Jesus Christus uit sy doodsbestaan verlos word en met God versoen word nie.*
- *Die kerk moet sy belydenis oor die Bybel as die Woord van God in mensetaal opnuut bevestig en bely. Daarvolgens is en bly die Skrif die primêre norm vir die geloof en die kerk.*
- *Die kerk verwerp die pogings om die gesag van die Skrif en die norm vir die kanon en die geloof te reduseer tot een of ander konstruksie van die historiese Jesus wat as 'n kanon voor of agter die kanon funksioneer en tot gevolg het dat die kanon nie meer die laaste outoriteit vir die kerk is nie.*

Dit is oor die algemeen gesien 'n stewige standpunt wat die Genootskap in navolging van dr Van Wyk stel. Dit wat ons van Jesus Christus ons Verlosser glo, is nie gebaseer op historiese navorsing van mense nie, maar op Gods Woord. In ons belydenisskrifte word Gods Woord suiwer ge-eggo, beaam. Ons glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here. Hy is ontvang van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria. Hy het gely onder Pontius Pilatus. Hy is gekruisig, gesterf en begrawe, en het neergedaal na die hel. Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel. Vandag sit Hy aan die regterhand van God, waarvandaan Hy sal kom om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Dit is die feite. So maak God dit Self in sy Woord bekend. Op hierdie feite rus ons geloof. Dié feite kan deur navorsing slegs bevestig word, maar nooit weerspreek word nie.

Wat egter vreemd is, is dat dieselfde dr Van Wyk ander klanke in sy proefskrif laat hoor. In die Oktober 2000-uitgawe van *Waarheid en Dwaling* is die volgende kommentaar van dr Van Wyk gepubliseer:

*Daar is lidmate met verskillende denkraamwerke in die kerk. Party mense aanvaar bloot die Bybel as volledige en gesaghebbende Woord van God en kan die resultate van sulke navorsing ignoreer. Ander mense sien die geskiedenis egter só dat iets wat nie letterlik histories gebeur het nie, nie 'waar' kan wees nie. Dié mense kan hulle geloof verloor as hulle gekonfronteer word met resultate van die navorsing oor die historiese Jesus.*

Van Wyk se slotsom: *Die postmodernisme maak ruimte vir verskillende beroepe op die waarheid. Die waarheid hoef nie noodwendig deur historiese feitelikheid begrond te word nie. Die kerk moet die oorgang van ou denkraamwerke na nuwes verwerk ... Dit sou die kerk by die punt kon bring om opnuut na sy belydenis te kyk – deur 'n eietydse interpretering van die bestaande belydenisse of deur 'n nuwe belydenis.*

Laasgenoemde staan lynreg teenoor die standpunt wat die Genootskap ingeneem het. 'n Onverklaarbare teenstrydigheid.

# GEDAGTES OOR SKRIF EN KERK

Prof Amie van Wyk skryf in *Die Kerkblad* van 8 November 2000 die volgende onder die opskrif 'Gedagtes oor Skrif en kerk'.

*Daar vind tans in die Gereformeerde Kerke 'n gesonde, maar soms ook ongesonde, diskussie oor die Skrif en kerk plaas. Hierdie artikel wil graag 'n bydrae tot hierdie debat lewer in die hoop dat ons noukeuriger sal onderskei, met groter beskeidenheid sal oordeel en in die algemeen meer selfkritiek aan die dag sal lê. Ek handel eers oor die belangrike saak van Skrifbeskouing en daarna oor kerkbeskouing.*

*Wat Skrifbeskouing betref, maak ek graag 'n onderskeid tussen Skrifbeskouing enersyds en Skrifgebruik andersyds. Hierdie onderskeiding is van groot belang indien ons in die Gereformeerde Kerke nie by mekaar verby wil praat nie. Dit is immers volkome ongeoorloof om iemand van 'n kritiese* ***Skrifbeskouing*** *te beskuldig indien ek van sy* ***Skrifverklaring*** *verskil.*

*Natuurlik is dit moontlik dat 'n kritiese Skrifbeskouing ten grondslag kan lê aan die manier waarop ek met die Bybel omgaan en die wyse waarop ek dit verklaar, maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie. Ek kom weldra hierop terug.*

*Wat Skrifbeskouing betref, bestaan daar in die gereformeerde tradisie 'n groot mate van eenstemmigheid. Ons aanvaar die Bybel as die gesaghebbende en betroubare Woord van God en dat daarin die wil van God en die leer van die saligheid volkome vervat is. Die Skrif is bron en norm vir die kerk, teologie en Christelike lewe. Iemand wat die Bybel beskou as 'n boek wat slegs menslike gedagtes en ervarings oor God bevat, stel hom buite die gereformeerde tradisie. Die Bybel is 'n normatiewe teks.*

*Die belydenis oor die gesag van die Skrif roep egter om die regte verstaan van die inhoud van die Skrif. Daarom is Skrifverstaan 'n belangrike saak en daarom word daar in die gereformeerde tradisie soveel klem gelê op die korrekte eksegese van die Skrif. Juis vir gereformeerdes, wat hulle graag op die Skrif beroep, bring dit 'n groter verantwoordelikheid mee, want indien ek my op 'n gesagvolle maar foutiewe wyse op die Skrif beroep, bring ek daarmee die gesag van die Skrif in gedrang – soos wat in die Skrifkritiese benadering gebeur. In beide gevalle word die Skrif misbruik.*

Prof Van Wyk noem twee voorbeelde om die saak oor Skrifbeskouing en Skrifverklaring nader toe te lig. Hy verwys na die kwessie rondom slawerny, en die veelbesproke saak van die-vrou-in-die-amp. Aan die hand van die twee voorbeelde toon hy aan dat daar van verskillende kante met beroep op die Skrif 'n saak uitgemaak word.

Prof Van Wyk se gevolgtrekking: *Hierdie voorbeelde wil graag illustreer dat dit onbillik sou wees om iemand wat op grond van die Skrif ten gunste van 'n bepaalde saak kies, as Skrifkrities te tipeer net omdat sy verstaan van die Skrif van myne of van die tradisie verskil. Ons moet te alle tye respek en waardering hê vir iemand wat hom op die Skrif as hoogste instansie beroep.*

*Natuurlik het 'elke ketter sy letter'. Daarom is daar belangrike kontrole-meganismes by 'n juiste verstaan van die Skrif nodig, byvoorbeeld die leiding van die Heilige Gees (Joh. 16:13) asook die saamverstaan van 'n Skrifgedeelte deur die kerk (Ef. 3:18), waar (veral ekumeniese) kerklike besluite asook die belydenisskrifte 'n belangrike funksie vervul.*

In die vervolg van die artikel gaan prof Van Wyk in op die diskussie in gereformeerde geledere oor kerkbeskouing.

*Soos in die geval van Skrifbeskouing, vind daar ook tans talle gesprekke plaas oor kerkbeskouing. Daar word vrae gevra oor: Wat is die kerk? Hoe belangrik is die kerk? Hoe belangrik is die eenheid van die kerk? Mag die kerk skeur?*

*... In die gereformeerde tradisie is daar tereg 'n ernstige soeke na en handhawing van die waarheid, maar wanneer hierdie waarheidshandhawing oorslaan in waarheidsfanatisme, met ander woorde, wanneer daar nie meer in liefde by die waarheid gebly word nie (Ef. 4:15), word dit 'n kerkverwoestende monster.*

*Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat ons hoe langer hoe meer met 'n sekulêre kerkbegrip begin werk, dit wil sê ons maak van die kerk 'n klub waarby ons na goeddunke aansluit en waaruit ons na smaak wegbreek of afskei. Is daar in die Nuwe Testament enige indikasie of suggestie dat die een volk van God in 'n aantal teenoormekaarstaande volkies opgedeel, die een liggaam van Christus in opponerende onderdele opgesny en die een tempel van die Heilige Gees in 'n aantal los kamertjies afgeskei mag word?*

*In die Nuwe Testament word soms 'n harde oordeel oor plaaslike gemeentes uitgespreek. Dink maar net aan die slegte dinge waarvan Paulus in sy eerste brief aan die Korintiërs melding maak, ook aan wat hy aan die Galasiërs skryf – om maar te swyg oor wat alles in die sewe gemeentes van Klein-Asië fout was (Openb. 2:1-3).*

*Maar nêrens word gemeentes of gelowiges opgeroep om uit mekaar te beweeg of hulle teenoor mekaar op te stel nie. As daar sonde voorkom, moet dit hanteer word langs die weg van gesprek, vermaning en tug.*

*Ons Belydenis sê dit ook duidelik: elkeen wat van die ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, handel in stryd met die Woord van God (NGB art. 28). Die Nagmaalsformulier bevestig dit: almal wat skeuring en oproer in die kerk wil veroorsaak, behoort nie Nagmaal te vier nie.*

*'n Mens kan nie aan die indruk ontkom nie dat die wyse van debatvoering in sommige kerklike tydskrifte in gereformeerde kringe vandag baie sterk op kerkverdeling afgestem is. 'Die Gereformeerde Kerke is (in talle opsigte) nie meer Gereformeerd nie', word gesê. In sy algemeenheid lyk hierdie stelling stellig oordrewe. Indien daar dinge is wat kwel, is die weg aangedui: gesprek, vermaning en tug.*

*Wat nié moet plaasvind nie, is verdagmaking, insinuering, etikettering, goedkoop argumente en die gebruik van tweedehandse inligtingsbronne. Daarby moet ons steeds in gedagte hou dat 'n gereformeerde kerk per definisie 'n altyd reformerende kerk is en moet wees. Eers in die Nuwe Jerusalem is reformasie nie meer nodig nie. Aan die ander kant moet die najaag van elke modegier ook nie as reformasie van die kerk aangedien word nie.*

Die 'ongesonde diskussie' waarteen prof Van Wyk waarsku, kan soos volg saamgevat word:

- Dit is onbillik om iemand wat op grond van die Skrif ten gunste van 'n bepaalde saak kies, as Skrifkrities te tipeer net omdat sy verstaan van die Skrif van myne of van die tradisie verskil.
- Dit is geen denkbeeldige gevaar nie dat ons van die kerk 'n klub maak waarby ons na goeddunke aansluit en waaruit ons na smaak wegbreek of afskei.
- Wat nié moet plaasvind nie, is verdagmaking, insinuering, etikettering, goedkoop argumente en die gebruik van tweedehandse inligtingsbronne.

Die 'gesonde diskussie' wat prof Van Wyk bepleit, kom op die volgende neer:

- Ons moet te alle tye respek en waardering hê vir iemand wat hom op die Skrif as hoogste instansie beroep.
- Daar is belangrike kontrole-meganismes by 'n juiste verstaan van die Skrif nodig, byvoorbeeld die leiding van die Heilige Gees, asook die saamverstaan van 'n Skrifgedeelte deur die kerk, waar (veral ekumeniese) kerklike besluite asook die belydenisskrifte 'n belangrike funksie vervul.
- Indien daar dinge is wat kwel, moet dit hanteer word langs die ordelike weg van gesprek, vermaning en tug.

Hierdie waarskuwing en oproep is uiters noodsaaklik. Dit geld vir elke gelowige. Wat gesê is, spoor 'n mens tot voortdurende intense persoonlike selfondersoek aan. Maar die waarskuwing en oproep geld ook vir die kerkverband in sy geheel. Sake waaroor verskil bestaan, moet op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde deurgepraat en uitgepraat word - en nie op een of ander manier van die tafel gevee word nie. Besluite wat geneem word, moet duidelik wees - en nie vir verskillende 'interpretasies' vatbaar wees nie. Bewandeling van die kerklike weg, die pad van orde, is die wagwoord. Mag die Here gee dat ons die krag van gereformeerd-wees altyd sal soek en vind in ons binding aan en onvoorwaardelike buig voor sy Woord.